Navrae
Enquiries
IMibuzo KRINGBESTUURDERS

Telefoon
Telephone
IFoni

Faks
Fax
IFeksi

Verwysing
Reference 1/1/4/R
ISalathiso

PROVINSIALE ADMINISTRASIE WES-KAAP
**Onderwysdepartement**

PROVINCIAL ADMINISTRATION WESTERN CAPE
**Education Department**

ULAWULO LWEPHONDO LENTSHONA KOLONI
**ISebe leMfundo**

OMSENDBRIEF 0136/99

AAN:

HOOFDIREKTEURE, DIREKTEURE, AREA- EN KRINGBESTUURDERS EN PRINSIPALE VAN OPENBARE SKOLE EN ONAFHANKLIKE SKOLE

**VERBOD OP LYFSTRAF IN SKOLE**

1. Dit het onder die aandag van die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) gekom dat leerders by sommige skole steeds aan die een of ander vorm van lyfstraf onderwerp word.

2. In hierdie verband word prinsipale se aandag daarop gevestig dat ingevolge artikel 10(1) van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet No. 84 van 1996), <u>geen persoon</u> by 'n skool lyfstraf (in enige vorm) aan 'n leerder mag toedien nie. Ingevolge artikel 10(2) van voormelde Wet, is enige persoon wat die verbod op die toediening van lyfstraf aan 'n leerder in 'n skool oortree, skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n vonnis wat vir aanranding opgelê kan word.

3. Prinsipale word derhalwe versoek om opvoeders te wys op die erns van die saak en hulle te waarsku dat die betrokke opvoeder(s) en/of die skool deur ouers van leerders van 'n kriminele oortreding aangekla kan word. Opvoeders aan openbare skole wat hulle skuldig maak aan die toediening van lyfstraf moet verder daarop let dat hulle boonop deur die WKOD departementeel van wangedrag aangekla kan word.

4. Geliewe die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle betrokkenes te bring en hulle dit te laat parafeer.

5. U samewerking sal op prys gestel word.

C B Gilbert

**HOOF: ONDERWYS** (wnd.)
**DATUM:** 23.11.99



PROJEK 166-GEBOU
HANS STRIJDOMLAAN 22
PRIVAATSAK X9114
KAAPSTAD 8000

PROJECT 166 BUILDING
22 HANS STRIJDOM AVE
PRIVATE BAG X9114
CAPE TOWN 8000